- (a) Ukwandiswa kwesi sicwangciso siya kugunyaziswa liBhunga kuphela ngokwezibonelelo zeSahluko 1, kunye neenguqulelo ezikumxholo kwaye iBhunga, phantsi kwezizathu ezivakalayo ngesicelo esibhaliweyo liqumrhu lolawulo, lingalikhupha uxanduva iqumrhu elilawulayo ekufezekiseni izibonelelo ezichapazelekayo.
- (b) Izibonelelo zeSahluko 14 ziya kusebenza ngokufanayo kulo naluphina uguqulo lwesicwangciso sokusebenza esithe sandiswa ngokweli candelo.

### ISAHLUKO 4

#### UKUBHANGISWA KWENGINGQI YAMAXABISO AWODWA

## 15. UKUBHANGISWA

- (1) iBhunga lisenokuyibhangisa ingingqi yamaxabiso awodwa —
- (a) Phantsi kwesicelo esibhaliweyo nesityikitye ngabanini beendawo abahlalakule ngingqi icetywayo ukub aimiselwe ngengeyamaxabiso awodwa nabanoxanduva lokuhlalwala ixabiso elongeziweyo
- (b) Emva kokuqhagamshelana neGosa eliyiNtloko yezimali kunye nequmrhu lolawulo okanye uluntu, phantsi kwesizathu esivakalayo, apho anokubonakalisa khona ukuba iqumrhu lolawulo malibhangiswe.
- (2) ekubhangisweni kwequmrhu lolawulo, izinto ezishiyeka ngemva emva kokuhlalwala kwamatyala onke, iya kusetyenziswa liBhunga ekuboneleleni ngeenkonzo zikaMasipala ngokwezibonelelo zesicwangciso sokusebenza kuloo ngingqi.

### ISAHLUKO 5

#### IMIBANDELA GABALALA

## 16. ISIHLOKO ESIFUTSHANE

- (1) Lo Mthetho wangaphakathi uya kubizwa ngokuba nguMthetho wangaphakathi kaMasipala waseMossel Bhayi: uMthetho wangaphakathi weengingqi zamaXabiso awodwa, 2010.

**CITY OF CAPE TOWN**  
**PUBLIC PARKS BY-LAW, 2010**

**To regulate the admission of persons, animals and vehicles to public parks; to provide for the use and enjoyment of public parks; to determine conduct that will not be permitted within public parks; and to provide for matters incidental thereto.**

**PREAMBLE**

**WHEREAS** section 156(2) and (5) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 provides that a City may make and administer by-laws for the effective administration of the matters which it has the right to administer, and to exercise any power concerning a matter reasonably necessary for, or incidental to, the effective performance of its functions;

**AND WHEREAS** Part B of Schedule 5 to the Constitution lists local amenities and municipal parks and recreation as local government matters;

**AND NOW THEREFORE BE IT ENACTED** by the Council of the City of Cape Town as follows:—

**Definitions**

1. In this By-law, unless the context otherwise indicates —

“**animal**” includes any mammal, bird, fish, reptile, insect, amphibian or invertebrate;

“**authorised official**” means a member of staff of the City delegated by the City Manager and the Director: City Parks, or appointed by the City Manager to implement the provisions of this By-law, or any appointed external service provider referred to in section 76(b) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000) and includes a law enforcement officer or traffic official of the City who has been declared a peace officer in terms of section 334 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), acting when on duty and properly identified as such;

“**City**” means the City of Cape Town established in terms of section 12 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998), in Provincial Notice 479 of 2000 and published in Provincial Gazette Extraordinary 5588 dated 22 September 2000;

“**City Manager**” means the person appointed by the Council in terms of section 82 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act NO. 117 OF 1998);

“**Constitution**” means the Constitution of the Republic of South Africa Act, 1996;

“**Council**” means the council of the City of Cape Town, being a council as provided for in terms of section 18 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998), or any committee, any sub-council or any councillor of council, acting under delegated or sub-delegated authority of the Council;

“**Councillor**” means the member of the Council;

“**Director: City Parks**” means the employee of the City in charge of public parks of the City;

“**notice**” means a written notification, or a pictogram issued in terms of this By-law as set out in Schedule 1, prominently and legibly displayed at the entrance to or in any facility or part thereof to which it is intended to apply;

“**public park**” means—

- (a) any botanical or other garden, play ground, zoned public open space managed by the Department of City Parks in the City, or a park owned or leased by the City, including any portion thereof and any facility or apparatus therein or thereon, but excluding any public road or street; and
- (b) any botanical, other garden or play ground which is lawfully controlled and managed in terms of an agreement by a person other than the Council;

“**Structures Act**” means the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No.117 of 1998);

“**this By-law**” includes the Schedules hereto;

“**vehicle**” means any self-propelled vehicle and includes-

- (a) a trailer; and
- (b) a vehicle having pedals and an engine or an electric motor as an integral part thereof or attached thereto which is designated or adapted to be propelled by means of such pedals, engine or motor, or both such pedals and engine or motor, but does not include -
  - (i) any vehicle propelled by electric power from storage batteries and which is controlled by a pedestrian; or
  - (ii) any vehicle with a mass not exceeding 230 kilograms and specially designed and constructed, and not merely adapted, for the use of any person suffering from some physical defect or disability and used solely by such person.

**Delegation and appointment of authorised officials**

2. (1) The City Manager may delegate any of his or her powers or assign any of his or her duties in terms of this By-law to any official of the City.

(2) The Director: City Parks may delegate any of his or her powers or assign any of his or her duties to any official of the City.

(3) Subject to the recruitment policies of the City, the City Manager may appoint authorised officials to exercise and perform certain powers and duties in terms of this By-law.

**Maximum number of persons**

3. (1) The Director: City Parks may determine the maximum number of visitors who may be present at a specific time in a public park, provided that different numbers may be so determined for different parks and for different events.

(2) The numbers contemplated in subsection (1) must be made known by the Director: City Parks by means of a notice.

**Admission to and visiting a public park**

4. (1) A person who is admitted to gain access or visit a public park must, subject to the provisions of this By-law, observe and comply with all notices displayed in a public park or in the entrance thereto and obey any instructions given to him or her by the authorised official.

(2) Should a person fail to observe and comply with a notice or any instructions referred to in subsection (1), the City shall not be liable for damage

or injury suffered while such person is visiting the public park.

(3) A public park is, subject to the provisions of this By-law, open to the public on the times determined by the Director: City Parks, provided that different times may be determined in respect of different public parks.

(4) No person shall enter or leave an enclosed public park at a place other than that indicated for that purpose.

(5) The conditions times and places contemplated in subsections (1), (2) and (3) shall be made known by the Director: City Parks by means of a notice.

#### **Entrance fees**

5. (1) Subject to the provisions of this By-law, every person shall have free access to a public park.

(2) Despite subsection (1), Council may, in terms of the Tariff By-law prescribe fees for entering a public park in such special circumstances as determined by it, and such fees shall be made known by means of a notice.

#### **Dumping and Littering**

6. No person shall in a public park —

- (a) dump, drop, bury or place any refuse, rubble, material or any object or thing; or
- (b) permit any dumping, dropping, burying, placing of any refuse, rubble, material or any object or thing,

except in a container identified for that purpose in the park.

#### **Liquor and food**

7. (1) No person shall bring into, consume, brew, store or sell in a public park any liquor or any other alcoholic or intoxicating substance.

(2) No person shall in a public park, contrary to a notice, cook or prepare food of any kind whatsoever, except at places set aside for such purposes by notice.

(3) The preparation and cooking of food at places set aside by notice for such purpose in or at a public park shall be done in a clean and sanitary manner.

(4) No animal may be killed, skinned or slaughtered in a public park without the written consent of the Director: City Parks having first been obtained.

#### **Animals**

8. (1) No person shall bring any dead or alive animal into a public park except in accordance with the directions of the Director: City Parks provided that different directions may be determined in respect of different public parks and different types of animals.

(2) The directions contemplated in subsection (1) shall be made known by means of a notice.

(3) Carcasses may not be buried in a public park but must be disposed of at the owner's expense and in a manner approved by the Council.

#### **Use of public parks**

9. (1) No person shall in a public park without the written permission of the Director: City Parks or contrary to any conditions which the Director: City Parks may impose when granting such permission —

- (a) arrange or present any public entertainment;
- (b) display or distribute any pamphlet, placard, painting, book, handbill, sign, advertisement board or any other printed, written or painted work;
- (c) arrange or hold a public gathering or procession, or any exhibition or performance;
- (d) conduct any trade, occupation or business;
- (e) display, sell or rent or present for sale or rent any wares or articles;
- (f) hold an auction;
- (g) off-load or store building or other material.

(2) Subject to any other law, the written permission contemplated in subsection (1) shall be refused only if anything referred to in subsection (1)(a) to (g)—

- (a) is likely to give rise to —
  - (i) public rioting;
  - (ii) the disturbance of public peace;
  - (iii) the committing of an offence;
  - (iv) the committing of an indecent act;
  - (v) risks that compromise safety and security; or
  - (vi) a situation where a planned activity in any area of jurisdiction of the City is taking place at the same time as a planned activity in the park, and the activity planned to take place in the park is deemed to have a detrimental impact on the ability of the City to ensure safety and security;
- (b) is detrimental to the public or the users of, or visitors to, the public park; or
- (c) is likely to damage or destroy the amenities, wildlife or plant material in the park.

**Trees in public parks**

10. (1) No person other than an authorized official shall—

- (a) plant or prune a tree or shrub, or in any way cut down a tree or a shrub, in a public park or remove it therefrom, except with the written permission of the Director: City Parks;
- (b) unless permitted by a notice climb a tree growing in a public park or, break or damage such tree; or
- (c) in any way mark or paint any tree growing in a public park or attach any advertisement thereto.

(2) Any tree or shrub planted in a public park shall become the property of the City.

**Safety and order**

11. (1) No person shall, in a public park —

- (a) damage, tamper with or destroy any equipment, amenity or structure;
- (b) plant, pull out, pick, damage or remove any plant, grass, shrub, bulbs, vegetation or flower;
- (c) kill, hurt, follow, disturb, ill-treat, catch, remove, translocate or release any animal or displace, disturb, destroy or remove their habitat;
- (d) use or try to use anything in such park for any purpose other than that for which it is designated;
- (e) discard any burning or smouldering object;
- (f) throw or dislodge any rock, stone or object from any mountains, slope or cliff;
- (g) behave in an improper, indecent, unruly, violent or anti-social manner or cause a disturbance;
- (h) run, walk, stand, sit or lie in a flower bed;
- (i) run, walk, stand, sit or lie on grass contrary to a notice;
- (j) lie on a bench or seating-place or use it in such a manner that prevents others from using it;
- (k) play or sit on playpark equipment, except if the person concerned is 14 years old or younger, or as permitted by a notice;
- (l) swim, walk or play in a fish-pond, fountain, stream, dam or pond;
- (m) skate on roller skates or a skateboard or similar device except where permitted by notice;
- (n) operating a gas or charcoal fired barbeque or stove;
- (o) dig, disturb or remove any mineral substance including soil, sand, gravel or rock;
- (p) damage, dig, disturb, deface, destroy or remove any fossils, bones or historical artifacts;
- (q) operate any remote control device including boats, planes helicopters or cars;
- (r) build, erect, place, create, remove or modify any structure, amenity, pathway, trail, jump or ramp; or
- (s) engage in any activity which may pose a risk or in combination with other activities in the area of jurisdiction of the City.

(2) Notwithstanding subsection (1), the Director: City Parks may, by notice, and subject to such conditions as he or she may deem necessary, authorise or permit any of the actions contemplated in subsections (1).

**Water**

12. No person may in a public park—

- (a) misuse, remove, pollute or contaminate any water source, water supply or waste water;
- (b) interfere with or obstruct the flow of any river or seasonal wetland; or
- (c) drain or redirect any water from private land.

**Vehicles**

13. (1) No person may bring into a public park any truck, bus, motorcar, motor cycle, bicycle, quadbike, motor tricycle, or any other vehicle, craft, hot air balloon or aeroplane, whether driven by mechanical, animal, natural or human power, supermarket or other trolleys, except in accordance with the written permission of the Director: City Parks provided that different requirements or conditions may be determined for different public parks and for different vehicles, craft or aeroplanes.

(2) The Director: City Parks may determine the speed limit applicable in a public park, provided that different speed limits may be determined for different public parks and for different vehicles, craft or aeroplanes.

(3) The requirements or conditions contemplated in subsection (1) and the speed limit contemplated in subsection (2) shall be made known by a notice by the Director: City Parks.

**Games**

14. No person may play or conduct any game of any nature that will cause —

- (a) disturbance or potentially disturb; or
- (b) injury to,

other park users except at places set aside for that purpose by notice and in accordance with the directions of the Director: City Parks.



**Improper or indecent behaviour**

15. No person may in a public park —

- (a) perform an act which is indecent or conduct himself or herself improperly by exposure of his or her person or otherwise, or make improper gestures or incite or urge someone to perform a disorderly or indecent act;
- (b) use foul, lewd or indecent language;
- (c) write, paint, draw or in any way make a lewd, explicit or immoral figure, writing, drawing or representation; or
- (d) enter or use a toilet facility intended or indicated as such by notice for members of the opposite sex, provided that this shall not apply to children below the age of seven accompanied by an adult.

**Powers of an authorised official**

16. An authorised official may —

- (a) in a public park at any time enter upon any place, land, premises or building and conduct an investigation thereat in order to determine whether the provisions of this By-law are complied with;
- (b) for the better exercising of any power or the performance of any function or duty assigned or granted to him or her, take along an interpreter who, while acting under the lawful order of such an official, shall have the same powers, functions and duties as such official as contemplated in paragraph (a);
- (c) give instructions to or direct the public, for the purposes of this By-law, to act in a specific manner whilst at the public park.

**Amendment, change and addition of a notice or pictogram**

17. (1) The Director: City Parks may, subject to the provisions of this By-Law, amend, change or add any notice or pictogram mentioned in Schedule 1.

(2) The Director: City Parks must, within 5 working days after an amendment, change or addition of a notice or pictogram as contemplated in subsection (1), display such amended, changed or added notice or pictogram in the relevant public park or at the entrance thereto.

**Offences and penalties**

18. (1) Any person who contravenes or fails to comply with a notice issued in terms of, or a condition imposed under, or any other provision of, this By-law, shall be guilty of an offence and if convicted shall be liable for a fine or imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.

(2) In addition to imposing a fine or imprisonment in terms of subsection (1), a court may order any person convicted of an offence under this By-law —

- (a) to remedy the harm caused; or
- (b) to pay damages for harm caused to another person or to property which order shall have the force and effect of a civil judgment.

**Repeal of by-laws**

19. (1) The by-laws listed in Schedule 2 hereto are repealed to the extent set out in column 3 of such Schedule.

(2) In the event of any other by-law of the City being inconsistent with this By-law, the provisions of this By-law shall prevail, to the extent of the inconsistency.

**Short title**

20. This By-law is called the City of Cape Town: Public Parks By-law, 2010.

**SCHEDULE 1****Symbols / Pictograms for use on park notice boards**

May 2010

| NO | INTERPRETATION OF SYMBOL | BETEKENIS VAN SIMBOOL | INTSINGISELO YOMQONDISO            |
|----|--------------------------|-----------------------|------------------------------------|
| 1  | City of Cape Town emblem | Stad Kaapstad-embleem | Imbasa yeSixeko saseKapa           |
| 2  | Potable water            | Drinkwater            | Amanzi aselwayo                    |
| 3  | First aid                | Noodhulp              | Uncedo lokuqala                    |
| 4  | Directional sign         | Rigtingwyser          | Umqondiso owalathisayo             |
| 5  | Toilets                  | Toilette              | Izindlu zangasese                  |
| 6  | Ladies                   | Dames                 | Amanenekazi                        |
| 7  | Gents                    | Mans                  | Amanene                            |
| 8  | Litter bin               | Vullisdrom            | Umgqomo wenkunkuma                 |
| 9  | Pedestrians              | Voetgangers           | Abahambi ngeenyawo                 |
| 10 | Jogging                  | Draf                  | Ukuncunkca                         |
| 11 | Hiking                   | Voetslaan             | Uhambo lokusela umoya              |
| 12 | Cycling                  | Fietsry               | Ukukhwela ibhayisikile             |
| 13 | Mountain bikes           | Bergfietsse           | Iibhayisikili zokonyuka intaba     |
| 14 | Motor bikes              | Motorfietsse          | Izithuthuthu                       |
| 15 | Scramblers               | Veldmotorfietsse      | Abahamba kwiindawo ezingamaxethuka |
| 16 | Quad bikes               | Vierwielmotorfietsse  | Izithuthuthu ezinxaneQuad bikes    |
| 17 | Motor vehicles           | Motorvoertuie         | Iinqwelo-mafutha                   |
| 18 | Busses                   | Busse                 | Iibhasi                            |
| 19 | Parking                  | Parkering             | Iindawo zokupaka                   |

| NO | INTERPRETATION OF SYMBOL  | BETEKENIS VAN SIMBOOL   | INTSINGISELO YOMQONDISO   |
|----|---|---|---|
| 20 | Horse riding  | Perdry  | Indawo yokukhwela amahashe  |
| 21 | Swimming  | Swem  | Indawo yokudada   |
| 22 | Fishing   | Hengel  | Indawo yokuloba   |
| 23 | Boardsailing  | Seilplankry   | Ukuhamba ngesikhephe esiqhutywa ngumoya   |
| 24 | Sailing   | Seil  | Ukuhamba ngesikhephe  |
| 25 | Boating   | Skuitvaar/roei  | Ukuhamba ngephenyane  |
| 26 | Boat-launching ramp   | Bootlanseerhelling  | Ithambeka lenqanawa eweza abantu emlanjeni  |
| 27 | Camping   | Kampering   | Ukuhlala endle/ukukampisha  |
| 28 | Caravans  | Woonwaens   | Uhambo ngekaravan   |
| 29 | Fire in fireplaces  | Vuurmaak in vuurmaakplekke  | Umlilo kumaziko   |
| 30 | Picnic site   | Piekniekterrein   | Indawo yepikniki  |
| 31 | Dogs  | Honde   | Izinja  |
| 32 | Dogs on leash   | Honde aan leibande  | Izinja ezilawulwa ngeminxeba  |
| 33 | Remove dog faeces   | Verwyder honde-ontlasting   | Yisuse ituwa yenja  |
| 34 | Roller skating  | Rolskaats   | Umdlalo wokutyibiliza ngezihlangu ezinamavili   |
| 35 | Skateboarding   | Skaatsplankry   | Ukutyibiliza ngeplanga  |
| 36 | Hang-gliding  | Hangsweef   | Ukubhabha ngesiwuza   |
| 37 | Café/Take away  | Kafee/wegneemetes   | Ekhefi  |
| 38 | Tea-room  | Teekamer  | Igumbi lokuphungela   |
| 39 | Restaurant  | Restaurant  | Erestyu   |
| 40 | Prohibition   | Verbod  | Isithintelo   |
| 41 | No overnight stay   | Oornagverblyf verbode   | Akuvumelekanga ukulala apha   |
| 42 | No fires  | Vuurmaak verbode  | Ayivumelekanga imililo  |
| 43 | No portable barbecue appliances   | Draagbare braaitoestelle verbode  | Azivumelekanga izixhobo zokosa inyama eziphathekayo   |
| 44 | No hunting  | Jag verbode   | Akuvumelekanga ukuzingela   |
| 45 | No firearms   | Vuurwapens verbode  | Ayivumelekanga imipu  |
| 46 | No bow and arrow shooting   | Pyl-en-boogskiet verbode  | Akuvumelekanga ukudubula ngotolo nesaphetha   |
| 47 | No catapults  | Ketties verbode   | Azivumelekanga izilinge   |
| 48 | No stone-throwing   | Klipgooiery verbode   | Akuvumelekanga ukugibisela amatye   |
| 49 | No flower picking   | Blompluk verbode  | Akuvumelekanga ukukhiwa kweentyantyambo   |
| 50 | No dumping  | Storting verbode  | Akuvumelekanga ukulahla inkunkuma   |
| 51 | No golf   | Gholf verbode   | Akuvumelekanga ukudlala igalufa   |
| 52 | No radios, tape or CD players   | Radio's en band- of CD-spelers verbode  | Abavumelekanga oonomathotholo, iteyiphu okanye ezo zidlala amawecwe   |
| 53 | No washing or drying of clothes   | Klerewas en -droogmaak verbode  | Akuvumelekanga ukuhlamba okanye ukuxhoma impahla  |
| 54 | No fireworks  | Vuurwerk verbode  | Azivumelekanga izitakantlantsi  |
| 55 | No drugs or alcohol   | Dwelms en alkohol verbode   | Azivumelekanga iziyobisi okanye utywala   |
| 56 | No damaging of vegetation   | Beskadiging van plantegroei verbode   | Akuvumelekanga ukutshabalalisa izityalo   |
| 57 | Opening times   | Oopmaaktye  | Amaxesha okuvula  |
| 58 | Closing times   | Sluitingstye  | Amaxesha okuvula  |
| 59 | No supermarket or other trolleys  | Supermark- of ander trollies verbode  | Akufuneki zitroli zasesuphamakethi okanye ezingezinye   |
| 60 | No washing of the body  | Lyfwas verbode  | Akuhlanjwa umzimba apha   |
| 61 | No graffiti   | Graffiti verbode  | Akufuneki mibhalo eludongeni/igrafithi  |
|    | <i>Note</i>   | <i>Let wel</i>  | <i>Qaphela</i>  |
|    | All symbols are in green detail on a white background with a red border. If a symbol is displayed with a red border and red diagonal slash (no 40) it implies that the activity concerned is prohibited | Alle simbole verskyn in groen, op 'n wit agtergrond met 'n rooi rand. Indien 'n simbool 'n rooi rand en 'n rooi skuinsstreep daardeur het (nr. 40), is die betrokke aktiwiteit verbode. | Yonke imiqondiso izotywe luhlaza kumgangatho omhlophe ezotywe kuwo nomqokumbelo obomvu. Xa umqondiso uveliswe unomqokumbelo obomvu kunye nomgca okrwelwe ngokuxwesileyo (nomb. 40) oku kuthetha ukuba lo msetyenzana kubhekiselelwe kuwo awuvumelekanga |

## SCHEDULE 2

## LIST OF BY-LAWS TO BE REPEALED

| NO P.N. NUMBER                              | NAME OF THE BY-LAW   | EXTENT OF REPEAL |
|---|--|------------------|
| 414/1999                                    | City of Tygerberg: By-law relating to Public Amenities                       | The whole        |
| 137/1987                                    | Gordon's Bay Municipality: By-law relating to Parks and Public Places        | The whole        |
| 568/2000                                    | Oosternberg Municipality: By-law relating to Public Amenities                | The whole        |
| 391/1979 as amended by 85/1981 and 833/1990 | Somerset West Municipality: By-law relating to the Helderberg Nature Reserve | The whole        |

10 September 2010

22326

## STAD KAAPSTAD

## VERORDENING OP OPENBARE PARKE, 2010

Om die toegang van persone, diere en voertuie tot openbare parke te reguleer; voorskrifte neer te lê vir die gebruik en genieting van openbare parke; gedrag te bepaal wat nie in openbare parke toegelaat sal word nie; en voorskrifte neer te lê vir sake bykomend daartoe.

## AANHEF

**NADEMAAL** artikel 156(2) en (5) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge kan uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer, en om enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot 'n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met, die doeltreffende verrigting van sy funksies;

**EN NADEMAAL** deel B van bylae 5 by die Grondwet plaaslike geriewe en munisipale parke sowel as ontspanning as plaaslikeregeringsake lys; **DAAROM AANVAAR** die raad van die Stad Kaapstad die volgende verordening:

## Woordomskrywing

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

“**dier**” onder meer enige soogdier, voël, vis, reptiel, insek, amfibie of ongewerwelde dier;

“**direkteur: Stadspark**” die Stadswerknemer in beheer van openbare parke van die Stad;

“**gemagtigde amptenaar**” 'n personeelid van die Stad wat van die stadsbestuurder en die direkteur: Stadspark bevoegdheid ontvang het, of deur die stadsbestuurder aangestel is, om die bepalings van hierdie verordening toe te pas, of enige aangestelde eksterne diensverskaffer waarna daar in artikel 76(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (nr 32 van 2000) verwys word, en sluit in 'n wetstoepassingsbeampte of verkeersbeampte van die Stad wat as vredesbeampte verklaar is ingevolge artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), en as sodanig optree en behoorlik geïdentifiseer is wanneer hy/sy aan diens is;

“**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**hierdie verordening**” ook die bylaes hierby;

“**kennisgewing**” 'n skriftelike mededeling of piktogram (beeldskrifteken) wat ingevolge hierdie verordening, en soos in bylae 1 uiteengesit, uitgereik is, en opsigtelik en leesbaar vertoon word by die ingang van of in enige fasiliteit of deel daarvan waarvoor dit bedoel is om te geld;

“**openbare park**”:

- enige botaniese of ander tuin, speelterrein, gesoneerde openbare oop ruimte onder die bestuur van die departement Stadspark in die Stad, of park wat deur die Stad besit of gehuur word, wat enige gedeelte daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin of daarop insluit, maar enige openbare pad of straat uitsluit; en
- enige botaniese of ander tuin of speelterrein wat ingevolge 'n wettige ooreenkoms deur 'n persoon buiten iemand verbonde aan die raad beheer en bestuur word;

“**raad**” die raad van die Stad Kaapstad, synde 'n raad ingevolge artikel 18 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (nr 117 van 1998), of enige komitee, subraad, of lid van die raad wat ingevolge die raad se gedelegeerde of subgedelegeerde bevoegdhede optree;

“**raadslid**” 'n lid van die raad;

“**Stad**” die Stad Kaapstad ingestel ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (nr 117 van 1998), in Provinsiale Kennisgewing 479 van 2000, gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant 5588 van 22 September 2000;

“**stadsbestuurder**” die persoon wat ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (nr 117 van 1998) deur die raad aangestel is;

“**Strukturewet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (nr 117 van 1998);

“**voertuig**” enige selfaangedrewe voertuig, wat insluit:

- 'n sleepwa; en
- 'n voertuig met pedale en 'n enjin of elektriese motor as 'n integrerende deel daarvan of daarby, wat ontwerp of aangepas is om met behulp van sodanige pedale, enjin of motor, of sowel sodanige pedale as die enjin of motor aangedryf te word, met uitsluiting van:
  - enige voertuig wat deur elektriese krag uit akkumulatorbatterye aangedryf word en deur 'n voetganger beheer word; of
  - enige voertuig met 'n massa van tot en met 230 kg, en wat spesiaal ontwerp en gebou is, en nie bloot aangepas is nie, vir gebruik deur enige persoon met 'n fisieke gebrek of gestremdheid, en alleenlik deur sodanige persoon gebruik word.

**Oordrag van bevoegdheid aan, en aanstelling van, gemagtigde amptenare**

2. (1) Die stadsbestuurder kan ingevolge hierdie verordening enige van sy of haar bevoegdhede of enige van sy of haar pligte aan enige amptenaar van die Stad oor- of opdra.
- (2) Die direkteur: Stadsparke kan enige van sy of haar bevoegdhede of enige van sy/haar pligte aan enige amptenaar van die Stad oor- of opdra.
- (3) Onderworpe aan die werwingsbeleid van die Stad, kan die stadsbestuurder gemagtigde amptenare aanstel om sekere bevoegdhede en pligte ingevolge hierdie verordening uit te oefen en uit te voer.

**Maksimum getal persone**

3. (1) Die direkteur: Stadsparke kan die maksimum getal besoekers bepaal wat op 'n bepaalde tydstip in 'n openbare park mag wees, met dien verstande dat verskillende getalle só vir verskillende parke en verskillende geleenthede bepaal kan word.
- (2) Die direkteur: Stadsparke moet die getalle in subartikel (1) hier bo deur middel van 'n kennisgewing bekend maak.

**Toegang tot, en besoek aan, 'n openbare park**

4. (1) 'n Persoon wat toegang tot 'n openbare park verkry, of 'n openbare park besoek, moet, onderworpe aan die bepalings van hierdie verordening, alle kennisgewings wat in 'n openbare park of by die ingang daarvan vertoon word sowel as enige instruksies van die gemagtigde amptenaar gehoorsaam en nakom.
- (2) By versuim om 'n kennisgewing of enige instruksies waarna in subartikel (1) hier bo verwys word, te gehoorsaam en na te kom, sal die Stad nie aanspreeklik wees vir enige skade of besering wat sodanige persoon ly of opdoen terwyl hy/sy in die openbare park is nie.
- (3) Onderworpe aan die bepalings van hierdie verordening, is 'n openbare park oop vir die publiek op die tye soos deur die direkteur: Stadsparke bepaal, met dien verstande dat verskillende tye vir verskillende openbare parke vasgestel kan word.
- (4) Geen persoon mag 'n omheinde openbare park op 'n ander plek as die aangewese in- of uitgang binnegaan of verlaat nie.
- (5) Die direkteur: Stadsparke sal die voorwaardes, tye en plekke soos in subartikel (1), (2) en (3) hier bo beoog, deur middel van 'n kennisgewing bekend maak.

**Toegangsgeld**

5. (1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie verordening, het enige persoon vrye toegang tot 'n openbare park.
- (2) Ondanks subartikel (1) hier bo, kan die raad ingevolge die Verordening op Tariewe toegangsgeld vir openbare parke vasstel in sodanige spesiale omstandighede as wat dit kan bepaal, welke toegangsgeld met behulp van 'n kennisgewing bekend gemaak sal word.

**Storting en rommelstrooiing**

6. Geen persoon mag in 'n openbare park-
- (a) enige vullis, rommel, materiaal of enige voorwerp of item stort, neergooi, begrawe of neersit; of
  - (b) toelaat dat enige vullis, rommel, materiaal of enige voorwerp of item gestort, neergegooi, begrawe of neergesit word,
- buiten in 'n houer in die park wat vir daardie doel bestem is nie.

**Voedsel en drank**

7. (1) Geen persoon mag enige drank of enige ander alkoholiese of dwelmmiddel by 'n openbare park inbring of in 'n openbare park brou, berg of verkoop nie.
- (2) Geen persoon mag in stryd met 'n kennisgewing enige soort voedsel in 'n openbare park gaarmaak of berei nie, buiten op plekke wat ingevolge sodanige kennisgewing daarvoor bestem is.
- (3) Die bereiding en gaarmaak van voedsel op plekke in of by 'n openbare park wat ingevolge 'n kennisgewing vir sodanige doeleindes bestem is, moet op 'n skoon en higiëniese wyse geskied.
- (4) Geen dier mag sonder die vooraf- skriftelike toestemming van die direkteur: Stadsparke in 'n openbare park doodgemaak, geslag of ontvel word nie.

**Diere**

8. (1) Geen persoon mag enige lewende óf dooie dier by 'n openbare park inbring nie, buiten ooreenkomstig die opdrag van die direkteur: Stadsparke, met dien verstande dat verskillende opdragte met betrekking tot verskillende openbare parke en verskillende soorte diere uitgereik kan word.
- (2) Die opdragte wat in subartikel (1) hier bo beoog word, sal deur middel van 'n kennisgewing bekend gemaak word.
- (3) Geen karkasse mag in 'n openbare park begrawe word nie, maar moet op die eienaar se onkoste en op 'n manier wat die raad se goedkeuring wegdra mee weggedoen word.

**Gebruik van openbare parke**

9. (1) Geen persoon mag sonder die skriftelike toestemming van die direkteur: Stadsparke, of in stryd met enige voorwaardes wat die direkteur: Stadsparke met die verlening van sodanige toestemming kan oplê, in 'n openbare park:
- (a) enige openbare vermaak reël of aanbied nie;
  - (b) enige pamflet, plakkaat, skildery, boek, biljet, teken, advertensiebord of enige ander gedrukte, geskrewe of geskilderde werk vertoon of versprei nie;
  - (c) 'n openbare byeenkoms of optog, of enige uitstalling of vertoning, reël of hou nie;
  - (d) enige ambag, beroep of saak beoefen nie;
  - (e) enige goedere of artikels vertoon, verkoop of verhuur, of te koop of te huur aanbied nie;
  - (f) 'n veiling hou nie; of

(g) bou- of ander materiaal aflaai of berg nie.

(2) Onderworpe aan enige ander wet, sal die skriftelike toestemming wat in subartikel (1) hier bo beoog word, slegs geweier word indien enigiets waarna daar in subartikel (1)(a) tot (g) verwys word—

(a) waarskynlik sal aanleiding gee tot—

(i) openbare oproerigheid;

(ii) openbare rusverstoring;

(iii) 'n oortreding;

(iv) 'n onwelvoeglike daad;

(v) risiko's wat veiligheid en sekuriteit in gevaar stel; of

(vi) 'n situasie waar 'n beplande aktiwiteit in enige regsgebied van die Stad op dieselfde tyd plaasvind as 'n beplande aktiwiteit in die park, en die aktiwiteit wat in die park moet plaasvind na verwagting 'n nadelige uitwerking sal hê op die Stad se vermoë om veiligheid en sekuriteit te verseker;

(b) tot nadeel is van die publiek, of die gebruikers van of besoekers aan die openbare park; of

(c) waarskynlik die geriewe, natuurlewe of plantmateriaal in die park sal beskadig of vernietig.

**Bome in openbare parke**

10. (1) Geen persoon buiten 'n gemagtigde amptenaar mag-

(a) 'n boom of struik in 'n openbare park plant of snoei of op enige manier afsaag of verwyder, buiten met die skriftelike toestemming van die direkteur: Stadsparke nie;

(b) tensy deur 'n kennisgewing toegelaat in 'n boom wat in 'n openbare park staan klim of, dit breek of beskadig nie; of

(c) enige boom wat in 'n openbare park staan op enige manier merk of verf of enige advertensie daarteen aanbring nie.

(2) Enige boom of struik wat in 'n openbare park geplant word, word die eiendom van die Stad.

**Veiligheid en orde**

11. (1) Geen persoon mag in 'n openbare park-

(a) met enige toerusting, gerief of struktuur peuter, dit beskadig of vernietig nie;

(b) enige plant, gras, struik, bol, plantegroei of blom plant, uittrek, pluk, beskadig of verwyder nie;

(c) enige dier doodmaak, beseer, volg, steur, mishandel, vang, verwyder, hervestig of vrylaat, of enige dierehabetat verplaas, steur, vernietig of verwyder nie;

(d) enigiets in sodanige park vir enige doeleinde buiten dit waarvoor dit bestem is, gebruik of probeer gebruik nie;

(e) enige brandende of smeulende voorwerp weggooi nie;

(f) enige klip, rots of voorwerp van enige berg, helling of krans afgooi of losbreek nie;

(g) onbehoorlik, onwelvoeglik, oproerig, gewelddadig of antisosiaal optree of 'n steurnis veroorsaak nie;

(h) in 'n blombedding hardloop, loop, staan, sit of lê nie;

(i) in stryd met 'n kennisgewing op 'n grasperk hardloop, loop, staan, sit of lê nie;

(j) op 'n bank of sitplek lê, of dit op 'n manier aanwend wat ander daarvan verhoed om dit te gebruik nie;

(k) op speelparktoerusting speel of sit nie, buiten persone van 14 jaar of jonger of waar dit ingevolge 'n kennisgewing toegelaat word;

(l) in 'n visdam, fontein, stroom, dam of poel swem, loop of speel nie;

(m) op rolskaatse, 'n skaatsplank of 'n soortgelyke toestel skaats nie, buiten waar dit ingevolge 'n kennisgewing toegelaat word;

(n) 'n gas- of steenkoolbraaitoestel of -stoof gebruik nie;

(o) enige minerale stof, wat grond, sand, gruis of klip insluit, opgrawe, steur of verwyder nie;

(p) enige fossiele, beendere of historiese artefakte beskadig, opgrawe, steur, skend, vernietig of verwyder nie;

(q) enige afstandbeheertoestelle, soos bote, vliegtuie, helikopters of motors, gebruik nie;

(r) enige struktuur, gerief, pad, baan, springvlak of helling bou, oprig, neersit, skep, verwyder of wysig nie; of

(s) enige aktiwiteit beoefen wat op sigself of saam met ander aktiwiteite in die regsgebied van die Stad 'n gevaar kan inhou nie.

(2) Nieteenstaande subartikel (1), kan die direkteur: Stadsparke per kennisgewing en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy of sy nodig kan ag, magtiging of toestemming verleen vir enige van die stappe wat in subartikel (1) voorsien word.

**Water**

12. Geen persoon mag in 'n openbare park—

(a) enige waterbron, watertoevoer of afvalwater misbruik, verwyder, besoedel of besmet nie;

(b) die vloei van enige rivier of seisoenale moerasland versteur of verhinder nie; of

(c) enige water van privaat grond dreineer of herlei nie.



**Voertuie**

13. (1) Geen persoon mag enige vragmotor, bus, motor, motorfiets, trapfiets, vierwielfiets, driewielmotorfiets of enige ander voertuig, vaartuig, warmlugballon of vliegtuig, hetsy deur meganiese, diere-, natuur- of mensekrag aangedryf, of supermark of ander trollies by 'n openbare park inbring nie, tensy ooreenkomstig die skriftelike toestemming van die direkteur: Stadsparke, met dien verstande dat verskillende vereistes of voorwaardes vir verskillende openbare parke en vir verskillende voer-, vaar- of vliegtuie bepaal kan word.

(2) Die direkteur: Stadsparke kan die toepaslike snelheidsgrens vir 'n openbare park bepaal, met dien verstande dat verskillende snelheidsgrense vir verskillende openbare parke en vir verskillende voer-, vaar- of vliegtuie bepaal kan word.

(3) Die direkteur: Stadsparke sal die vereistes of voorwaardes in subartikel (1) hier bo, en die snelheidsgrens in subartikel (2) hier bo deur middel van 'n kennisgewing bekend maak.

**Speletjies**

14. Geen persoon mag enige speletjie van enige aard speel of aanvoer wat vir ander parkgebruikers—

- (a) 'n steurnis of moontlike steurnis sal veroorsaak nie; of
- (b) die gevaar van besering inhou nie;

buiten op plekke wat ingevolge 'n kennisgewing daarvoor bestem is, en ooreenkomstig die opdrag van die direkteur: Stadsparke.

**Onbehoorlike of onweloweglike gedrag**

15. Geen persoon mag in 'n openbare park—

- (a) 'n onweloweglike daad pleeg, hom of haarself onbehoorlik gedra deur hom of haar te ontbloot of iets dergelyks, onbehoorlike gebare maak, of iemand aanhits of aanmoedig om 'n wanordelike of onweloweglike daad te pleeg nie;
- (b) vuil, suggestiewe of onweloweglike taal gebruik nie;
- (c) 'n suggestiewe, eksplisiete of onsedelike afbeelding, geskrif, skets of voorstelling skryf, verf, teken of op enige manier aanbring nie; of
- (d) 'n toiletgerief wat ingevolge 'n kennisgewing vir lede van die teenoorgestelde geslag bedoel of bestem is, binnegaan of gebruik nie, met dien verstande dat dit nie vir kinders onder die ouderdom van sewe sal geld wat deur 'n volwassene vergesel word nie.

**Bevoegdhede van 'n gemagtigde amptenaar**

16. 'n Gemagtigde amptenaar kan-

- (a) te eniger tyd enige plek, grond, perseel of gebou in 'n openbare park binnegaan of betree en 'n ondersoek daar onderneem ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie verordening nagekom word;
- (b) vir die beter uitoefening van enige mag, of die beter uitvoering van enige funksie of plig wat aan hom of haar opgedra of verleen is, 'n tolk saamneem wat, hoewel sodanige tolk onder die wettige bevel van sodanige amptenaar sal optree, dieselfde bevoegdhede, funksies en pligte as sodanige amptenaar, soos in paragraaf (a) hier bo beoog, sal hê.

**Wysiging, verandering en byvoeging van 'n kennisgewing of piktogram**

17. (1) Die direkteur: Stadsparke kan, onderworpe aan die bepalings van hierdie verordening, enige kennisgewing of piktogram wat in bylae 1 vermeld word, wysig, verander of byvoeg.

(2) Die direkteur: Stadsparke moet binne vyf (5) werksdae ná 'n wysiging, verandering of byvoeging van 'n kennisgewing of piktogram soos in subartikel (1) hier bo beoog, sodanige gewysigde, veranderde of bygevoegde kennisgewing of piktogram in die betrokke openbare park, of by die ingang daarvan, vertoon.

**Oortredings en strafmaatreëls**

18. Enige persoon wat 'n kennisgewing uitgereik, voorwaarde opgelê, of enige ander bepaling ingevolge hierdie verordening oortree of verontagsaam, sal aan 'n oortreding skuldig wees, en sal by skuldigbevinding strafbaar wees met 'n boete, of tronkstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of sowel sodanige boete as tronkstraf.

**Herroeping van verordeninge**

19. (1) Die verordeninge in bylae 2 hierby word herroep in soverre dit in kolom 3 aangedui word.

(2) In geval enige ander verordening van die Stad in stryd met hierdie verordening sou wees, sal die bepalings van hierdie verordening geld in soverre daar strydigheid bestaan.

**Kort titel**

20. Hierdie verordening heet die Stad Kaapstad: Verordening op Openbare Parke, 2010.

**BYLAE 1****Simbole/piktogramme vir gebruik op parkkennisgewingborde**

| NO/NR | INTERPRETATION OF SYMBOL | BETEKENIS VAN SIMBOOL | INTSINGISELO YOMQONDISO  |
|-------|--------------------------|-----------------------|--------------------------|
| 1     | City of Cape Town emblem | Stad Kaapstad-embleem | Imbasa yeSixeko saseKapa |
| 2     | Potable water            | Drinkwater            | Amanzi aselwayo          |
| 3     | First aid                | Noodhulp              | Uncedo lokuqala          |
| 4     | Directional sign         | Rigtingwyser          | Umqondiso owalathisayo   |
| 5     | Toilets                  | Toilette              | Izindlu zangasese        |
| 6     | Ladies                   | Dames                 | Amanenekazi              |
| 7     | Gents                    | Mans                  | Amanene                  |
| 8     | Litter bin               | Vullisdrom            | Umgqomo wenkunkuma       |

| NO/NR | INTERPRETATION OF SYMBOL         | BETEKENIS VAN SIMBOOL                  | INTSINGISELO YOMQONDISO  |
|-------|----------------------------------|--|--|
| 9     | Pedestrians                      | Voetgangers                            | Abahambi ngeenyawo   |
| 10    | Jogging                          | Draf                                   | Ukuncunkca   |
| 11    | Hiking                           | Voetslaan                              | Uhambo lokusela umoya  |
| 12    | Cycling                          | Fietsry                                | Ukukhwela ibhayisikile   |
| 13    | Mountain bikes                   | Bergfietse                             | Iibhayisikili zokonyuka intaba                                       |
| 14    | Motor bikes                      | Motorfietse                            | Izithuthuthu   |
| 15    | Scramblers                       | Veldmotorfietse                        | Abahamba kwiindawo ezingamaxethuka                                   |
| 16    | Quad bikes                       | Vierwielmotorfietse                    | Izithuthuthu ezinxaneQuad bikes                                      |
| 17    | Motor vehicles                   | Motorvoertuie                          | Iinqwelo-mafutha   |
| 18    | Busses                           | Busse                                  | Iibhasi  |
| 19    | Parking                          | Parkering                              | Iindawo zokupaka   |
| 20    | Horse riding                     | Perdry                                 | Indawo yokukhwela amahashe   |
| 21    | Swimming                         | Swem                                   | Indawo yokudada  |
| 22    | Fishing                          | Hengel                                 | Indawo yokuloba  |
| 23    | Boardsailing                     | Seilplankry                            | Ukuhamba ngesikhephe esiqhutywa ngumoya                              |
| 24    | Sailing                          | Seil                                   | Ukuhamba ngesikhephe   |
| 25    | Boating                          | Skuitvaar/roei                         | Ukuhamba ngephenyane   |
| 26    | Boat-launching ramp              | Bootlanseerhelling                     | Ithambeka lenqanawa eweza abantu emlanjeni                           |
| 27    | Camping                          | Kampering                              | Ukuhlala endle/ukukampisha   |
| 28    | Caravans                         | Woonwaans                              | Uhambo ngekaravan  |
| 29    | Fire in fireplaces               | Vuurmaak in vuurmaakplekke             | Umlilo kumaziko  |
| 30    | Picnic site                      | Piekniekterrein                        | Indawo yepikniki   |
| 31    | Dogs                             | Honde                                  | Izinja   |
| 32    | Dogs on leash                    | Honde aan leibande                     | Izinja ezilawulwa ngeminxeba   |
| 33    | Remove dog faeces                | Verwyder hondeontlasting               | Yisuse ituwa yenja   |
| 34    | Roller skating                   | Rolskaats                              | Umdlalo wokutyibiliza ngezihlangu ezinamavili                        |
| 35    | Skateboarding                    | Skaatsplankry                          | Ukutyibiliza ngeplanga   |
| 36    | Hang-gilding                     | Hangsweef                              | Ukubhabha ngesiwuza  |
| 37    | Café/Take away                   | Kafee/wegneemetes                      | Ekhefi   |
| 38    | Tea-room                         | Teekamer                               | Igumbi lokuphungela  |
| 39    | Restaurant                       | Restaurant                             | Erestyu  |
| 40    | Prohibition                      | Verbod                                 | Isithintelo  |
| 41    | No overnight stay                | Oornagverblyf verbode                  | Akuvumelekanga ukulala apha  |
| 42    | No fires                         | Vuurmaak verbode                       | Ayivumelekanga imililo   |
| 43    | No portable barbecue appliances  | Draagbare braaitoestelle verbode       | Azivumelekanga izixhobo zokosa inyama eziphathekayo                  |
| 44    | No hunting                       | Jag verbode                            | Akuvumelekanga ukuzingela  |
| 45    | No firearms                      | Vuurwapens verbode                     | Ayivumelekanga imipu   |
| 46    | No bow and arrow shooting        | Pyl-en-boogskiet verbode               | Akuvumelekanga ukudubula ngotolo nesaphetha                          |
